“(c) one shall be a person registered as an accountant and auditor under [section 15 of the Public Accountants’ and Auditors’ Act, 1991 (Act No. 80 of 1991)] the Auditing Profession Act, 2005 (Act No. 26 of 2005), and who in the opinion of the Minister has wide experience of, and is knowledgeable about the latest developments in, the accountants’ and auditors’ profession.”. 40

Amendment of section 12 of Act 94 of 1990, as amended by sections 5 and 25 of Act 9 of 1993 and section 8 of Act 19 of 2003

6. Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (3) for paragraph (b) of the following paragraph: 45
“(b) a report by a public accountant as defined in section 1 of the [Public Accountants’ and Auditors’ Act, 1991 (Act No. 80 of 1991)] Auditing Profession Act, 2005 (Act No. 26 of 2005), or by any other knowledgeable person approved by the Registrar, on such aspects relating to the application in question,”. 50

beherende maatskappy, hetsy individueel of gesamentlik, vereis om binne die tydperk in sodanige lasgewing vermeld—

- (i) enige handeling, versuim of gedragspatroom te staak of om hom daarvan te weerhou of om die daade te verrig wat nodig is om die situasie reg te stel;
- (ii) die daade te verrig wat nodig is om te voldoen aan die lasgewing of om die veranderinge teweeg te bring wat nodig is om aan die lasgewing uitvoering te gee; of
- (iii) die Registrateur te voorsien van die inligting en dokumente rakende die aangeleentheid wat in die lasgewing vermeld word.

(c) Die Registrateur kan, na oorleg met die betrokke bank, beherende maatskappy, kwalifiserende instelling of ouditeur van 'n bank of beherende maatskappy, behoudens die lasgewing, 'n voorheen uitgereikte lasgewing skriftelik kanselleer.

(d) Geen lasgewing wat deur die Registrateur uitgereik word, is terugwerkend van krag nie.

(e) 'n Bank, beherende maatskappy, kwalifiserende instelling of ouditeur van 'n bank of beherende maatskappy wat nalaat, weier of versuim om te voldoen aan 'n lasgewing wat ingevolge hierdie subartikel uitgereik is, is skuldig aan 'n misdryf.'.

Wysiging van artikel 7 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikels 3 en 25 van Wet 9 van 1993, artikel 3 van Wet 36 van 2000 en artikel 4 van Wet 19 van 2003

4. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“Verstreking van inligting deur banke en beherende maatskappye”; en

(b) deur in subartikel (1) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) so 'n bank, beherende maatskappy of filiaal gelas om die Registrateur te voorsien van 'n verslag deur 'n openbare rekenmeester soos omskryf in artikel 1 van die [Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991)] ‘Auditing Profession Act, 2005’ (Wet No. 26 van 2005), of deur enige ander persoon met toepaslike professionele kundigheid, aangaande enige aangeleentheid, of enige aspek van enige aangeleentheid, waaromtrent die Registrateur kragtens paragraaf (a) die bank, beherende maatskappy of filiaal gelas het of kan gelas om inligting te verstrek.”.

Wysiging van artikel 9 van Wet 94 van 1990, soos vervang by artikel 4 van Wet 36 van 2000 en gewysig by artikel 6 van Wet 19 van 2003

5. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) een 'n persoon moet wees wat kragtens [artikel 15 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991)] die ‘Auditing Profession Act, 2005’ (Wet No. 26 van 2005), as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is en wat na die oordeel van die Minister wye ervaring het van, en oor kundigheid beskik aangaande die jongste ontwikkelinge in, die rekenmeesters- en ouditeursberoep.”.

Wysiging van artikel 12 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikels 5 en 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 8 van Wet 19 van 2003

6. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (3) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) 'n verslag deur 'n openbare rekenmeester soos omskryf in artikel 1 van die [Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991)] ‘Auditing Profession Act, 2005’ (Wet No. 26 van 2005), of deur 'n ander kundige persoon wat deur die Registrateur goedgekeur is, aangaande die aspekte wat op die betrokke aansoek betrekking het.”.

Amendment of section 18A of Act 94 of 1990, as inserted by section 11 of Act 26 of 1994 and amended by section 15 of Act 19 of 2003

7. Section 18A of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(8) Any reference to a bank in this Act or in any other Act of Parliament shall, in so far as it may be relevant, include a reference to a branch, unless expressly stated otherwise.” 5

Substitution of section 30 of Act 94 of 1990, as substituted by section 8 of Act 9 of 1993, and amended by section 23 of Act 26 of 1994 and section 22 of Act 19 of 2003

8. The following section is hereby substituted for section 30 of the principal Act: 10

“Publication of information relating to banks, controlling companies, eligible institutions and representative offices of foreign institutions and the keeping of records by the Registrar

30. (1) The Registrar shall publish a notice in the *Gazette* and shall keep a record of— 15

- (a) (i) registration of an institution as a bank or a controlling company;
- (ii) authorisation granted to conduct the business of a bank by means of a branch; or
- (iii) consent granted for the establishment of a representative office by a foreign institution; 20
- (b) (i) cancellation or suspension of the registration of a bank or controlling company;
- (ii) withdrawal of the authorisation to conduct the business of a bank by means of a branch; or 25
- (iii) withdrawal of consent to conduct the business of a representative office by a foreign institution or the closure of such representative office;
- (c) restriction on the activities of a bank, controlling company or branch;
- (d) change of name of a bank, controlling company, branch or representative office of a foreign institution; 30
- (e) permission granted in respect of a compromise, amalgamation or arrangement referred to in Chapter XII of the Companies Act where a bank is a principal party to such compromise, amalgamation or arrangement; 35
- (f) permission granted to an arrangement for the transfer of more than 25 per cent of the assets, liabilities or assets and liabilities of a bank to another person; or
- (g) approval granted in respect of an eligible institution, which is effected or which takes place under this Act. 40

(2) The Registrar shall keep a record of every—

- (a) approval granted to a bank or a controlling company to establish or acquire a subsidiary within or outside the Republic;
 - (b) approval granted to a bank to establish or acquire a branch of a bank;
 - (c) approval granted to a bank or a controlling company to acquire an interest in any undertaking having its registered office or principal place of business outside the Republic; 45
 - (d) approval granted to a bank or a controlling company to create or acquire a trust outside the Republic of which the bank is a major beneficiary; 50
 - (e) approval granted to a bank or a controlling company to establish or acquire any financial or other business undertaking under its direct or indirect control; or
 - (f) approval granted to a bank to establish or acquire a representative office outside the Republic, 55
- which is effected or which takes place under this Act.”

Wysiging van artikel 18A van Wet 94 van 1990, soos ingevoeg by artikel 11 van Wet 26 van 1994 en gewysig by artikel 15 van Wet 19 van 2003

7. Artikel 18A van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

“(8) Enige verwysing na ’n bank in hierdie Wet of in enige ander Parlements wet sluit, in soverre dit tersaaklik is, ’n verwysing na ’n tak in, tensy dit uitdruklik anders verklaar word.”

Vervanging van artikel 30 van Wet 94 van 1990, soos vervang by artikel 8 van Wet 9 van 1993 en gewysig by artikel 23 van Wet 26 van 1994 en artikel 22 van Wet 19 van 2003

8. Artikel 30 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Publikasie van inligting aangaande banke, beherende maatskappye, kwalifiserende instellings en verteenwoordigende kantore van buitelandse instellings en die hou van rekords deur die Registrateur

30. (1) Die Registrateur moet ’n kennisgewing in die Staatskoerant publiseer en moet rekord hou van die—

- (a) (i) registrasie van ’n instelling as ’n bank of ’n beherende maatskappy;
 - (ii) magtiging verleen vir die uitoefening van die bedryf van ’n bank deur middel van ’n tak; of
 - (iii) toestemming verleen vir die instelling van ’n verteenwoordigende kantoor deur ’n buitelandse instelling;
 - (b) (i) intrekking of opskorting van die registrasie van ’n bank of beherende maatskappy;
 - (ii) intrekking van die magtiging verleen vir die uitoefening van die bedryf van ’n bank deur middel van ’n tak; of
 - (iii) intrekking van toestemming vir die uitoefening van die bedryf van ’n verteenwoordigende kantoor deur ’n buitelandse instelling of die sluiting van so ’n verteenwoordigende kantoor;
 - (c) beperking op die aktiwiteite van ’n bank, beherende maatskappy of tak;
 - (d) verandering van die naam van ’n bank, beherende maatskappy, tak of verteenwoordigende kantoor van ’n buitelandse instelling;
 - (e) toestemming verleen ten opsigte van ’n skikking, amalgamasie of reëling in Hoofstuk XII van die Maatskappywet bedoel waar ’n bank ’n hoofparty by sodanige skikking, amalgamasie of reëling is;
 - (f) toestemming verleen vir ’n reëling vir die oordrag van meer as 25 persent van die bates, laste of bates en laste van ’n bank aan ’n ander persoon; of
 - (g) goedkeuring verleen ten opsigte van ’n kwalifiserende instelling, wat ingevolge hierdie Wet geskied of plaasvind.
- (2) Die Registrateur moet rekord hou van elke—
- (a) goedkeuring verleen aan ’n bank of beherende maatskappy om ’n filiaal binne of buite die Republiek te stig of te verkry;
 - (b) goedkeuring verleen aan ’n bank om ’n tak van ’n bank te stig of te verkry;
 - (c) goedkeuring verleen aan ’n bank of beherende maatskappy om ’n belang te verkry in enige onderneming waarvan die geregistreerde kantoor of hoofbesigheidsplek buite die Republiek is;
 - (d) goedkeuring verleen aan ’n bank of beherende maatskappy om ’n trust buite die Republiek waarvan die bank ’n groot begunstigde is, te stig of te verkry;
 - (e) goedkeuring verleen aan ’n bank of beherende maatskappy om enige finansiële of ander sakeonderneming onder sy regstreekse of onregstreekse beheer te stig of te verkry; of
 - (f) goedkeuring verleen aan ’n bank om ’n verteenwoordigende kantoor buite die Republiek te stig of te verkry, wat ingevolge hierdie Wet geskied of plaasvind.”

Amendment of section 37 of Act 94 of 1990, as amended by section 4 of Act 42 of 1992, section 25 of Act 9 of 1993, section 30 of Act 26 of 1994 and section 25 of Act 19 of 2003

9. Section 37 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection: 5
- “(1) Subject to the provisions of subsection (6), no person shall acquire in a bank or controlling company [~~shares~~]—
- (a) shares of which the total nominal value or voting rights in respect of the issued shares of such bank or controlling company that are exercisable by such person; or 10
- (b) shares of which the total nominal value together with the total nominal value of such shares already held by such person or the voting rights in respect of the issued shares of such bank or controlling company that is exercisable by such person together with the voting rights attached to the shares of such bank or controlling company that are already held and exercisable by such person; or 15
- (c) shares of which the total nominal value together with the total nominal value of such shares already held by such person and by the associate or associates of such person or the voting rights in respect of the issued shares of such bank or controlling company that are exercisable by such person together with the voting rights attached to the shares of such bank or controlling company that are already held and exercisable by such person and by the associate or associates of such person, 20
- [amounts] amount to more than 15 per cent of the total nominal value or the total voting rights in respect of all the issued shares of the bank or controlling company, without first having obtained permission in accordance with the provisions of subsection (2) for such acquisition.”; 25
- (b) by the substitution in subsection (2) for paragraph (a) of the following paragraph: 30
- “(a) If, subject to the provisions of paragraph (c)—
- (i) any person has for a period of 12 months or such shorter period as the Registrar may deem fit held so many shares in or the voting rights in respect of the issued shares of a bank or controlling company as such person may in accordance with the provisions of subsection (1) hold therein, such person may, if the Registrar has granted permission in writing thereto, acquire more than 15 per cent, but not exceeding 24 per cent, of those shares or the voting rights in respect of the issued shares as contemplated in the said subsection; 35
- (ii) the said person has for a period of 12 months or such shorter period as the Registrar may deem fit held 24 per cent of those shares or the voting rights in respect of the issued shares as so contemplated such person may, if the Registrar has granted permission in writing thereto, acquire more than 24 per cent, but not exceeding 49 per cent, of those shares or the voting rights in respect of the issued shares as contemplated in the said subsection (1); 40
- (iii) the said person has for a period of 12 months or such shorter period as the Minister may deem fit held 49 per cent of those shares or the voting rights in respect of the issued shares as contemplated in the said subsection (1) such person may, if the Minister has, through the Registrar, granted permission thereto in writing, acquire more than 49 per cent, but not exceeding 74 per cent, of those shares or the voting rights in respect of the issued shares as contemplated in the said subsection; and 45
- (iv) the said person has for a period of 12 months or such shorter period as the Minister may deem fit held 74 per cent of those 50

Wysiging van artikel 37 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikel 4 van Wet 42 van 1992, artikel 25 van Wet 9 van 1993, artikel 30 van Wet 26 van 1994 en artikel 25 van Wet 19 van 2003

9. Artikel 37 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 5
- “(1) Behoudens die bepalings van subartikel (6) mag geen persoon aandeel in ’n bank of beherende maatskappy verkry nie—
- (a) waarvan die totale nominale waarde of stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandeel van sodanige bank of beherende maatskappy wat deur daardie persoon uitgeoefen kan word; of 10
- (b) waarvan die totale nominale waarde tesame met die totale nominale waarde van sodanige aandeel wat reeds deur daardie persoon gehou word of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandeel van sodanige bank of beherende maatskappy wat deur daardie persoon uitgeoefen kan word tesame met die stemregte verbonde aan die aandeel van sodanige bank of beherende maatskappy wat reeds deur daardie persoon gehou en deur hom uitgeoefen kan word; of 15
- (c) waarvan die totale nominale waarde tesame met die totale nominale waarde van sodanige aandeel wat reeds deur daardie persoon en deur die geassosieerde of geassosieerdes van daardie persoon gehou word of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandeel van daardie bank of beherende maatskappy wat deur daardie persoon uitgeoefen kan word tesame met die stemregte verbonde aan die aandeel van daardie bank of beherende maatskappy wat reeds deur daardie persoon en deur die geassosieerde of geassosieerdes van daardie persoon gehou word en uitgeoefen kan word, 20
- meer as 15 persent van die totale nominale waarde of die totale stemregte ten opsigte van al die uitgereikte aandeel van die bank of beherende maatskappy, alvorens hy ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) toestemming tot sodanige verkryging verkry het.”; 25
- (b) deur in subartikel (2) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang: 30
- “(a) Indien, behoudens die bepalings van paragraaf (c)—
- (i) ’n persoon vir ’n tydperk van 12 maande of die korter tydperk wat die Registrateur goedvind, soveel aandeel in of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandeel van ’n bank of beherende maatskappy besit het as wat so ’n persoon volgens die bepalings van subartikel (1) daarin mag besit, kan so ’n persoon, indien die Registrateur skriftelike toestemming daartoe verleen het, meer as 15 persent maar hoogstens 24 persent van bedoelde aandeel of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandeel verkry soos in genoemde subartikel beoog; 35
- (ii) genoemde persoon vir ’n tydperk van 12 maande of die korter tydperk wat die Registrateur goedvind, 24 persent van bedoelde aandeel of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandeel besit het soos aldus beoog, kan so ’n persoon, indien die Registrateur skriftelike toestemming daartoe verleen het, meer as 24 persent maar hoogstens 49 persent van bedoelde aandeel of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandeel verkry soos in genoemde subartikel (1) beoog; 40
- (iii) genoemde persoon vir ’n tydperk van 12 maande of die korter tydperk wat die Minister goedvind, 49 persent van bedoelde aandeel of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandeel besit het soos in genoemde subartikel (1) beoog, kan so ’n persoon, indien die Minister deur bemiddeling van die Registrateur skriftelike toestemming daartoe verleen het, meer as 49 persent maar hoogstens 74 persent van bedoelde aandeel of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandeel verkry soos in genoemde subartikel beoog; en 45
- (iv) genoemde persoon vir ’n tydperk van 12 maande of die korter tydperk wat die Minister goedvind, 74 persent van bedoelde aandeel of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandeel besit het soos in genoemde subartikel (1) beoog, kan 50

- shares or the voting rights in respect of the issued shares as contemplated in the said subsection (1) such person may, if the Minister has, through the Registrar, granted permission thereto in writing, acquire more than 74 per cent of those shares or the voting rights in respect of the issued shares, as contemplated in the said subsection.”; 5
- (c) by the substitution in subsection (2) for paragraph (c) of the following paragraph:
 “(c) Notwithstanding the provisions of paragraph (a), the Registrar or the Minister, as the case may be, may, if in a particular case the Registrar or the Minister, as the case may be, deems it fit to do so, grant permission for the acquisition of shares or the voting rights in respect of the issued shares as contemplated in subparagraph (i), (ii), (iii) or (iv) of paragraph (a) without the applicant for such permission having held shares or the voting rights in respect of the issued shares for the period of 12 months or any shorter period as required in any of the said subparagraphs.”; 10 15
- (d) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
 “(3) If any person at the commencement of the **[Deposit-taking Institutions Amendment Act, 1992] Banks Amendment Act, 2007**, already holds more than 15 per cent of the **[shares] voting rights in respect of the issued shares** in a bank or controlling company as contemplated in subsection (1), such person may not acquire more of **[those shares] the voting rights in respect of the issued shares** as contemplated in the said subsection before such person has obtained the appropriate permission in terms of subsection (2).”; 20 25
- (e) by the substitution in subsection (4) for the words preceding paragraph (a) of the following words:
 “Permission in terms of subsection (2) for the acquisition of shares or the voting rights in respect of the issued shares in a bank or controlling company shall not be granted unless the Registrar or the Minister, as the case may be, is satisfied that the proposed acquisition of shares or the voting rights in respect of the issued shares—”; 30
- (f) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:
 “(5) If, in the case of a shareholding contemplated in—
 (a) subsection (2)(a)(i) and (ii), the Registrar; or 35
 (b) subsection (2)(a)(iii) and (iv), the Minister,
 is of the opinion that the retention of such shareholding or voting rights in respect of the issued shares in a bank or controlling company by a particular shareholder will be to the detriment of the bank or controlling company concerned, the Registrar or the Minister, as the case may be, may by way of application on notice of motion apply to the division of the High Court in whose area of jurisdiction the head office of the bank or controlling company is situated, for an order—
 (i) compelling such shareholder to reduce, within a period determined by the court, the shareholding or voting rights in respect of the issued shares of that person in that bank or controlling company to a shareholding or voting rights in respect of the issued shares, as contemplated in subsection (1), with a total nominal value of not more than 15 per cent of the total nominal value of all the issued shares or voting rights in respect of the issued shares of that bank or controlling company; and 45 50
 (ii) limiting, with immediate effect, the voting rights that may be exercised by such shareholder by virtue of the shareholding of that person to 15 per cent of the voting rights attached to all the issued shares of the bank or controlling company concerned.”; 55
 and
- (g) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:
 “(6) The provisions of subsection (1) shall not apply to the acquisition of shares or voting rights in respect of the issued shares in a bank by a controlling company registered as such in respect of that bank.”. 60

- so 'n persoon, indien die Minister deur bemiddeling van die Registrateur skriftelike toestemming daartoe verleen het, meer as 74 persent van bedoelde aandele of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele verkry soos in genoemde subartikel beoog.”;
- (c) deur in subartikel (2) paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(c) Ondanks die bepalings van paragraaf (a) kan die Registrateur of die Minister, na gelang van die geval, indien die Registrateur of die Minister, na gelang van die geval, dit in 'n bepaalde geval goedvind, toestemming verleen tot die verkryging van aandele of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele soos bedoel in subparagraaf (i), (ii), (iii) of (iv) van paragraaf (a) sonder dat die aansoeker om sodanige toestemming aandele of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele besit het vir die tydperk van 12 maande of enige korter tydperk soos in enige van genoemde subparagraawe vereis.”;
- (d) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(3) Indien 'n persoon by die inwerkingtreding van die **[Wysigingswet op Depositonemende Instellings, 1992]** Bankwysigingswet, 2007, reeds meer as 15 persent van die **[aandele]** stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele in 'n bank of beherende maatskappy besit soos in subartikel (1) beoog, mag so 'n persoon nie meer van **[dié aandele]** die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele verkry soos in genoemde subartikel beoog nie voordat so 'n persoon die toepaslike toestemming ingevolge subartikel (2) verkry het.”;
- (e) deur in subartikel (4) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:
 “Toestemming ingevolge subartikel (2) tot die verkryging van aandele of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele in 'n bank of beherende maatskappy word nie verleen nie tensy die Registrateur of die Minister, na gelang van die geval, daarvan oortuig is dat die voorgenome verkryging van aandele of die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele—”;
- (f) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(5) Indien, in die geval van 'n aandeelhouding bedoel in—
 (a) subartikel (2)(a)(i) en (ii), die Registrateur; of
 (b) subartikel (2)(a)(iii) en (iv), die Minister,
 van oordeel is dat die behoud van dié aandeelhouding of stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele in 'n bank of beherende maatskappy deur 'n bepaalde aandeelhouer tot nadeel van die betrokke bank of beherende maatskappy sal strek, kan die Registrateur of die Minister, na gelang van die geval, by wyse van aansoek na kennisgewing van mosie by die afdeling van die Hoë Hof in die regsgebied waarvan die hoofkantoor van dié bank of beherende maatskappy geleë is, aansoek doen om 'n bevel—
 (i) waarby so 'n aandeelhouer verplig word om binne 'n tydperk deur die hof bepaal die aandeelhouding of stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele van daardie persoon in daardie bank of beherende maatskappy te verminder tot 'n aandeelhouding of stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele, soos beoog in subartikel (1), met 'n totale nominale waarde van nie meer as 15 persent van die totale nominale waarde van al die uitgereikte aandele of stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele van daardie bank of beherende maatskappy; en
 (ii) waarby die stemregte wat deur so 'n aandeelhouer uit hoofde van die aandeelhouding van daardie persoon uitgeoefen mag word, onverwyld beperk word tot 15 persent van die stemregte verbonde aan al die uitgereikte aandele van die betrokke bank of beherende maatskappy.”; en
- (g) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(6) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie op die verkryging van aandele of stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele in 'n bank deur 'n beherende maatskappy wat as sodanig ten opsigte van daardie bank geregistreer is.”.

Amendment of section 43 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993, section 34 of Act 26 of 1994 and section 30 of Act 19 of 2003

10. Section 43 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

- “(1) [A] Subject to section 42, a public company— 5
 (a) [which desires] that intends to exercise control over any bank; or
 (b) which is a controlling company, as defined in section 1 of the Companies Act, in respect of any other public company which has applied in terms of section 16 for registration as a bank,
[may] shall apply to the Registrar on the form prescribed [in the Regulations relating to Banks] for registration as a controlling company in respect of that bank or proposed bank, as the case may be.” 10

Substitution of section 50 of Act 94 of 1990, as amended by section 33 of Act 19 of 2003

11. The following section is hereby substituted for section 50 of the principal Act: 15

“Investments and loans and advances by controlling companies

50. (1) A controlling company investing money—
 (a) in undertakings other than banks or institutions which conduct business similar to the business of a bank in a country other than the Republic, controlling companies or companies of which the main object is the holding or development of property which is used or intended to be used mainly for the purpose of conducting the business of a bank; or 20
 (b) in fixed property which is not used or intended to be used mainly for the purpose of conducting the business of a bank, 25
 shall manage its transactions in such investments in such a way that the amount of such investments does not at any time exceed **[40 per cent of the sum]** a prescribed percentage of a prescribed amount of the share capital and reserve funds of the controlling company **[and any bank under its control,]** calculated on a consolidated basis **[in the manner]** as prescribed. 30
 (2) A controlling company providing loans and advances—
 (a) to undertakings other than banks, institutions which conduct business similar to the business of a bank in a country other than the Republic, controlling companies or companies of which the main object is the holding or development of property which is used or intended to be used mainly for the purpose of conducting the business of a bank; or 35
 (b) in relation to fixed property which is not used or intended to be used mainly for the purpose of conducting the business of a bank, 40
 shall manage its transactions in relation to such loans and advances in such a way that the amount of such loans and advances does not at any time exceed a prescribed percentage of a prescribed amount of the share capital and reserve funds of the controlling company and calculated on a consolidated basis as prescribed.” 45

Amendment of section 52 of Act 94 of 1990, as amended by section 3 of Act 55 of 1996 and section 35 of Act 19 of 2003 45

12. Section 52 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
 “(1) A bank shall not without the prior written approval of the Registrar **[or otherwise than]** and in accordance with such conditions **[approved by the Registrar in writing]** as the Registrar may determine— 50

Wysiging van artikel 43 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikel 25 van Wet 9 van 1993, artikel 34 van Wet 26 van 1994 en artikel 30 van Wet 19 van 2003

10. Artikel 43 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(1) Behoudens artikel 42 moet ’n [Publieke] publieke maatskappy— 5
 (a) wat beoog om beheer oor ’n bank [wil uitoefen] uit te oefen; of
 (b) wat ’n beherende maatskappy, soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, is ten opsigte van ’n ander publieke maatskappy wat ingevolge artikel 16 aansoek gedoen het om registrasie as ’n bank,
 [kan] op die voorgeskrewe vorm [wat in die Regulasies aangaande Banke voorgeskryf word] by die Registrateur aansoek doen om registrasie as ’n beherende maatskappy ten opsigte van daardie bank of beoogde bank, na gelang van die geval.”.

Vervanging van artikel 50 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikel 33 van Wet 19 van 2003 15

11. Artikel 50 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Beleggings en lenings en voorskotte deur beherende maatskappye

- 50. (1)** ’n Beherende maatskappy wat geld belê—
 (a) in ander ondernemings as banke, instellings wat in ’n ander land as die Republiek ’n bedryf soortgelyk aan die bedryf van ’n bank uitoefen, 20
 beherende maatskappye of maatskappye waarvan die hoofdoelstelling die hou of ontwikkeling van eiendom is wat hoofsaaklik gebruik word of bestem is om hoofsaaklik gebruik te word vir die doeleindes van die uitoefening van die bedryf van ’n bank; of
 (b) in onroerende eiendom wat nie hoofsaaklik gebruik word of bestem is 25
 om hoofsaaklik gebruik te word vir die doeleindes van die uitoefening van die bedryf van ’n bank nie,
 moet die transaksies daarvan in sodanige beleggings so bestuur dat die bedrag van sodanige beleggings op geen tydstep meer as [40 persent van 30
 die som] ’n voorgeskrewe persentasie van ’n voorgeskrewe hoeveelheid van die aandeelkapitaal en reserwefondse van die beherende maatskappy [en enige bank onder die beheer daarvan], bereken op ’n gekonsolideerde grondslag soos voorgeskryf, bedra nie.
 (2) ’n Beherende maatskappy wat lenings en voorskotte verskaf—
 (a) aan ander ondernemings as banke, instellings wat ’n bedryf soortgelyk 35
 aan die bedryf van ’n bank uitoefen in ’n ander land as die Republiek, beherende maatskappye of maatskappye waarvan die hoofdoel die hou of ontwikkeling van eiendom is wat gebruik word of bestem is om gebruik te word hoofsaaklik vir die doeleindes van die uitoefening van die bedryf van ’n bank; of 40
 (b) met betrekking tot vaste eiendom wat nie gebruik word of bestem is om gebruik te word hoofsaaklik vir die doeleindes van die uitoefening van die bedryf van ’n bank nie, 45
 moet die transaksies daarvan in sodanige lenings en voorskotte so bestuur dat die bedrag van sodanige lenings en voorskotte op geen tydstep meer as ’n voorgeskrewe persentasie van ’n voorgeskrewe hoeveelheid van die aandeelkapitaal en reserwefondse van die beherende maatskappy, bereken op ’n gekonsolideerde grondslag soos voorgeskryf, bedra nie.”.

Wysiging van artikel 52 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikel 3 van Wet 55 van 1996 en artikel 35 van Wet 19 van 2003 50

12. Artikel 52 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(1) ’n Bank mag nie sonder die vooraf verkreë skriftelike goedkeuring van die Registrateur [of anders as] en ooreenkomstig voorwaardes [deur die Registrateur skriftelik goedgekeur] wat die Registrateur bepaal— 55

- (a) establish or acquire a subsidiary [**or create a division**] in the manner prescribed within or outside the Republic or enter into an agreement having the effect that any company becomes its subsidiary [**or such division**] within or outside the Republic;
- (aA) invest in a joint venture within or outside the Republic if the investment, or the investment together with one or more investments already made by the bank in that joint venture, results in the bank being exposed to an amount representing more than five per cent of its capital and reserves: Provided that for as long as the bank is exposed to the aforementioned extent, such approval must be obtained whenever it seeks to make a further investment in that joint venture;
- (b) open or acquire a branch office outside the Republic;
- (c) acquire an interest in any undertaking having its registered office or principal place of business outside the Republic;
- (d) outside the Republic—
- (i) create or acquire a trust of which the bank is a major beneficiary; or
- (ii) establish or acquire any financial or other business undertaking under its direct or indirect control; [**or**]
- (e) establish or acquire a representative office outside the Republic[.]; or
- (f) create or acquire a division within or outside the Republic by means of an arrangement or agreement with any person having the effect that such person conducts his or her business through or by means of such a division.”; and
- (b) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:
“(1A) Notwithstanding subsection (1), the Registrar may, by means of a circular contemplated in section 6(4), determine circumstances and conditions in terms whereof an application contemplated in subsection (1) is not required.”.

Amendment of section 54 of Act 94 of 1990, as substituted by section 6 of Act 42 of 1992 and amended by sections 12 and 25 of Act 9 of 1993, Proclamation No. 132 of 1994, section 36 of Act 26 of 1994, section 5 of Act 55 of 1996 and section 36 of Act 19 of 2003

13. Section 54 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
“(1) The Minister must consent, in writing and conveyed through the Registrar, to—
- (a) a compromise, amalgamation or arrangement referred to in Chapter XII of the Companies Act and which involves a bank as one of the principal parties to the relevant transaction; and
- (b) an arrangement for the transfer of more than 25 per cent of the assets, liabilities or assets and liabilities of a bank to another person: Provided that the 25 per cent referred to in paragraph (b) shall be calculated by aggregating the amount of the transferred assets, liabilities or assets and liabilities together with any previous transfer of assets, liabilities or assets and liabilities within the same financial year of the bank concerned: Provided further that the Minister’s consent is granted beforehand.”;
- (b) by the insertion of the following subsections after subsection (1):
“(1A) Subsection (1)(b) shall not be applicable to the transfer of assets effected in accordance with a duly approved securitisation scheme.
(1B)(a) No arrangement for the transfer of 25 per cent or less of the assets, liabilities or assets and liabilities of a bank to another person shall have legal force unless the consent of the Registrar to the transaction in question has been obtained beforehand.
(b) In the event that only assets are transferred and the amount of the transferred assets, together with any previous transfer of assets within the same financial year, aggregates to an amount that is less than 10 per cent of the total on-balance-sheet assets of the transferring bank, consent in

- (a) binne of buite die Republiek 'n filiaal stig of verkry [of 'n afdeling] soos voorgeskryf [skep] of 'n ooreenkoms aangaan wat die uitwerking het dat die een of ander maatskappy binne of buite die Republiek sy filiaal [of so 'n afdeling] word nie;
- (aA) 'n belegging in 'n gesamentlike onderneming binne of buite die Republiek doen nie indien die belegging, of die belegging tesame met een of meer beleggings wat reeds deur die bank in daardie gesamentlike onderneming gedoen is, tot gevolg het dat dit die bank blootstel tot 'n bedrag wat meer as vyf persent van sy kapitaal en reserwes verteenwoordig: Met dien verstande dat vir solank as wat die bank tot voormelde omvang blootgestel is, sodanige goedkeuring verkry moet word telkens wanneer hy 'n verdere belegging in daardie gesamentlike onderneming wil doen;
- (b) 'n takkantoor buite die Republiek open of verkry nie;
- (c) 'n belang in 'n onderneming wat sy geregistreerde kantoor of hoofbesigheidsplek buite die Republiek het, verkry nie;
- (d) buite die Republiek—
- (i) 'n trust waarvan die bank 'n hoofbegunstigde is, stig of verkry nie; of
- (ii) 'n finansiële of ander sake-onderneming onder sy direkte of indirekte beheer oprig of verkry nie; [of]
- (e) 'n verteenwoordigende kantoor buite die Republiek open of verkry nie[.] ; of
- (f) binne of buite die Republiek 'n afdeling stig of verkry nie deur middel van 'n reëling of ooreenkoms met enige persoon, wat die uitwerking het dat daardie persoon sy of haar bedryf uitoefen deur of deur middel van daardie afdeling.”; en
- (b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:
- “(1A) Ondanks subartikel (1) kan die Registrateur deur middel van 'n omsendbrief in artikel 6(4) beoog, omstandighede en voorwaardes bepaal ingevolge waarvan 'n aansoek in subartikel (1) beoog, nie vereis word nie.”.

Wysiging van artikel 54 van Wet 94 van 1990, soos vervang by artikel 6 van Wet 42 van 1992 en gewysig by artikels 12 en 25 van Wet 9 van 1993, Proklamasie No. 132 van 1994, artikel 36 van Wet 26 van 1994, artikel 5 van Wet 55 van 1996 en artikel 36 van Wet 19 van 2003

13. Artikel 54 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(1) Die Minister moet skriftelik en deur bemiddeling van die Registrateur toestemming verleen vir—
- (a) 'n skikking, amalgamasie of reëling bedoel in Hoofstuk XII van die Maatskappywet en waarby 'n bank as een van die hoofpartye by die tersaaklike transaksie betrokke is; en
- (b) 'n reëling vir die oordrag van meer as 25 persent van die bates, laste of bates en laste van 'n bank aan 'n ander persoon:
- Met dien verstande dat die 25 persent in paragraaf (b) bedoel, bereken moet word deur die bedrag van die oorgedraagde bates, laste of bates en laste bymekaar te tel tesame met enige vorige oordrag van bates, laste of bates en laste binne dieselfde finansiële jaar van die betrokke bank: Met dien verstande voorts dat die Minister se toestemming vooraf verleen word.”;
- (b) deur die volgende subartikels na subartikel (1) in te voeg:
- “(1A) Subartikel (1)(b) is nie van toepassing nie op die oordrag van bates wat ooreenkomstig 'n behoorlik goedgekeurde sekuriteringskema geskied.
- (1B) (a) Geen reëling vir die oordrag van 25 persent of minder van die bates, laste of bates en laste van 'n bank aan 'n ander persoon is regsgeldig nie tensy die toestemming van die Registrateur vir die onderhawige transaksie vooraf verkry is.
- (b) In 'n geval waar net bates oorgedra word en die bedrag van die oorgedraagde bates, tesame met enige vorige oordrag van bates in

terms of paragraph (a) is not required: Provided that the transferring bank notifies the Registrar of such a transfer in writing beforehand.

(1C) Subsection (1B) shall not be applicable to the transfer of assets effected in accordance with a duly approved securitisation scheme.”;

- (c) by the substitution in subsection (2) for paragraph (c) of the following paragraph: 5

“(c) in the case of a transfer of assets, liabilities or assets and liabilities referred to in subsection (1) [**which entails the transfer by the transferor bank of the whole or any part of its business as a bank,**] such transfer is effected to another bank or to a person approved by the Registrar for the purpose of the said transfer.”; 10

- (d) by the insertion of the following subsection after subsection (2):

“(2A) The Registrar shall not grant his or her consent referred to in subsection (1A) unless he or she is satisfied—

(a) that the transaction in question will not be detrimental to the public interest; 15

(b) that the transaction in question will not be contrary to the interests of the bank concerned or its depositors or the controlling company concerned; or

(c) in the case of a transfer of assets, liabilities or assets and liabilities referred to in subsection (1B)(a), such transfer is effected to another bank or to a person approved by the Registrar for the purpose of the said transfer.”; 20

- (e) by the substitution for subsection (3) for the following subsection:

“(3) Upon the coming into effect of a transaction effecting the amalgamation of one bank with another bank as contemplated in subsection (2)(b), or effecting the transfer of **[all or part]** such part of the assets, liabilities or assets and liabilities as approved in terms of subsection (1) or (1B) of one bank to another bank or person as contemplated in subsection (2)(c) or (2A)(c)— 25 30

(e) shall in such manner and on such a form as may be prescribed report such an investment in or such a loan or advance or other credit exposure to a specific industry, sector or geographical area, which investment, loan, advance or credit exposure, either alone or together with any previous investment, loan, advance or exposure, results in the bank, controlling company or branch of a bank being exposed to that industry, sector or geographical area up to an amount exceeding such a percentage of capital and reserve funds as may be prescribed.”; and

(c) by the addition of the following subsection:

“(4) The Registrar may, with the consent of the Minister, exempt, with such conditions as the Registrar may determine, such exposures as the Registrar may determine from the provisions of this section by means of a circular as contemplated in section 6(4).”.

Substitution of section 74 of Act 94 of 1990, as amended by sections 20 and 25 of Act 9 of 1993 and section 52 of Act 19 of 2003

23. The following section is hereby substituted for section 74 of the principal Act:

“Failure or inability to comply with prudential requirements

74. (1) If—

(a) a bank fails to comply with a provision of section 70 or 72, or is unable to comply with any such provision; or

(b) a controlling company fails to comply with a provision of section 70A, or is unable to comply with any such provision,

[it] the bank or controlling company shall forthwith in writing report its failure or inability to the Registrar, stating the reasons for such failure or inability.

(2) The Registrar may, notwithstanding section 91A, summarily take action under this Act against a bank or controlling company referred to in subsection (1) or, if in the circumstances the Registrar deems it fit to do so, condone the failure or inability and afford the bank or controlling company concerned an opportunity, subject to such conditions as the Registrar may determine, to comply with the relevant provision within a specified period.

(3) Irrespective of whether criminal proceedings in terms of this Act have been or may be instituted against a bank or controlling company in respect of any failure or inability referred to in subsection (1), the Registrar may, subject to any condonation granted under subsection (2), by way of a written notice impose upon that bank or controlling company, in respect of such failure or inability, a fine—

(a) in the case of any failure or inability to comply with the provisions of section 70 or 70A, not exceeding one-tenth of one per cent of the amount of the shortfall for each day on which such failure or inability continues; or

Wysiging van artikel 73 van Wet 94 van 1990, soos vervang by artikel 15 van Wet 36 van 2000 en gewysig by artikel 51 van Wet 19 van 2003

22. Artikel 73 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang: 5
 “[Groot blootstellings] Konsentrasierisiko”;
- (b) deur in subartikel (2) die woord “en” aan die einde van paragraaf (b) te skrap en die volgende paragrawe by te voeg: 10
 “(d) moet ’n bank, beherende maatskappy, tak of tak van ’n bank, in die geval van enige blootstelling aan ’n industrie, sektor of geografiese gebied wat meer as ’n voorgeskrewe bedrag is, voldoen aan die voorwaardes of vereistes wat voorgeskryf word, insluitende ’n vereiste om bykomende kapitaal en reserwefondse ten opsigte van daardie blootstelling te handhaaf; en 10
 (e) moet ’n bank, beherende maatskappy, tak of tak van ’n bank, op die manier en op die vorm wat voorgeskryf word, so ’n belegging in of so ’n lening of voorskot of ander kredietblootstelling aan ’n bepaalde industrie, sektor of geografiese gebied aanmeld, welke belegging, lening, voorskot of kredietblootstelling, hetsy alleen of saam met enige vorige belegging, lening, voorskot of blootstelling, meebring dat die bank, beherende maatskappy of tak van ’n bank aan daardie industrie, sektor of geografiese gebied blootgestel word tot ’n bedrag wat meer is as ’n persentasie van kapitaal en reserwefondse wat voorgeskryf word.”; en 20
 (c) deur die volgende subartikel by te voeg: 25
 “(4) Die Registrateur kan, met die instemming van die Minister en met die voorwaardes wat die Registrateur bepaal, die blootstellings wat die Registrateur bepaal, vrystel van die bepaling van hierdie artikel deur middel van ’n omsendbrief soos in artikel 6(4) beoog.”.

Vervanging van artikel 74 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikels 20 en 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 52 van Wet 19 van 2003

23. Artikel 74 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 30

“Versuim of onvermoë om aan voorsorgsvereistes te voldoen

74. (1) Indien—
- (a) ’n bank versuim om aan ’n bepaling van artikel 70 of 72 te voldoen of nie in staat is om aan so ’n bepaling te voldoen nie; of 35
 (b) ’n beherende maatskappy versuim om aan ’n bepaling van artikel 70A te voldoen of nie in staat is om aan so ’n bepaling te voldoen nie, moet [hy] die bank of beherende maatskappy onverwyld die Registrateur skriftelik in kennis stel van sy versuim of onvermoë, met vermelding van die redes vir sodanige versuim of onvermoë.
- (2) Die Registrateur kan, ondanks artikel 91A, sonder meer teen ’n bank of beherende maatskappy bedoel in subartikel (1) kragtens hierdie Wet optree of, indien die Registrateur in die omstandighede dit goedvind om dit te doen, die versuim of onvermoë kondoneer en die betrokke bank of beherende maatskappy ’n geleentheid gee om behoudens die voorwaardes wat die Registrateur bepaal, binne ’n bepaalde tydperk aan die betrokke bepaling te voldoen. 40
- (3) Ongeag of enige strafregtelike stappe ingevolge hierdie Wet ten opsigte van ’n versuim of onvermoë in subartikel (1) bedoel teen ’n bank of beherende maatskappy gedoen is of gedoen kan word, kan die Registrateur, behoudens enige kondonasië kragtens subartikel (2) verleen, daardie bank of beherende maatskappy by wyse van ’n skriftelike kennisgewing ’n boete ten opsigte van so ’n versuim of onvermoë oplê— 50
- (a) in die geval van ’n versuim of onvermoë om aan die bepaling van artikel 70 of 70A te voldoen, van hoogstens een tiende van een persent van die bedrag van die tekort vir elke dag waarop die versuim of onvermoë voortduur; of 55

(b) in the case of any failure or inability to comply with the provisions of section 72, not exceeding three per cent of the amount of the shortfall.

(4) A fine imposed under subsection (3) shall be paid to the Registrar within such period as may be specified in the relevant notice, and if the bank or controlling company concerned fails to pay the fine within the specified period the Registrar may by way of civil action in a competent court recover from that bank or controlling company the amount of the fine or any portion thereof which the Registrar may in the circumstances consider justified.”.

Amendment of section 75 of Act 94 of 1990, as amended by section 12 of Act 42 of 1992, sections 21 and 25 of Act 9 of 1993, section 47 of Act 26 of 1994 and section 53 of Act 19 of 2003

24. Section 75 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (3A) of the following subsection:

“(3A) The returns referred to in subsections (1) and (3) shall be prepared in conformity with **[generally accepted accounting practice] financial reporting standards issued in terms of the Companies Act** and shall be furnished to the Registrar in respect of such period, at such times and on such a form as may be prescribed.”; and

(b) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) A bank shall furnish the Registrar, in respect of those of the respective returns referred to in subsections (1) and (3) which most nearly coincide with the end of the financial year of the bank with a report by the auditor of the bank in which is stated whether or not those returns fairly and in conformity with **[generally accepted accounting practice] financial reporting standards issued in terms of the Companies Act** present those affairs of the bank to which the returns relate, and the Registrar may, if he or she deems it necessary, require the bank so to furnish the Registrar with such a report in respect of any other of those returns furnished during the financial year.”.

Amendment of section 76 of Act 94 of 1990, as amended by section 2 of Act 81 of 1991, section 25 of Act 9 of 1993, section 48 of Act 26 of 1994 and section 54 of Act 19 of 2003

25. Section 76 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“(1) Subject to the provisions of subsection (2), a bank which invests money in immovable property or in shares of any company, or which lends or advances money to any of its subsidiaries of which the main object is the acquisition and holding or development of immovable property, shall manage its transactions in such investments, loans or advances in such a way that the sum of the amounts—”.

Substitution of section 79 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993 and section 51 of Act 26 of 1994

26. The following section is hereby substituted for section 79 of the principal Act:

“Shares, debentures, negotiable certificates of deposit, [and] share warrants and promissory notes or similar instruments

79. (1) A bank shall not—

(a) sections 74 and 75 of the Companies Act notwithstanding, issue shares of no par value or convert any of its shares into shares of no par value; and
(b) without the written approval of the Registrar **[or otherwise than]** and in accordance with conditions **[approved] determined** by the Registrar in writing—

(b) in die geval van 'n versuim of onvermoë om aan die bepalings van artikel 72 te voldoen, van hoogstens drie persent van die bedrag van die tekort.

(4) 'n Boete kragtens subartikel (3) opgelê, moet aan die Registrateur betaal word binne die tydperk in die tersaaklike kennisgewing vermeld, en indien die betrokke bank of beherende maatskappy versuim om die boete binne die vermelde tydperk te betaal, kan die Registrateur die bedrag van die boete of die gedeelte daarvan wat die Registrateur onder die omstandighede geregverdig ag, by wyse van 'n siviele aksie in 'n bevoegde hof op daardie bank of beherende maatskappy verhaal.”. 5 10

Wysiging van artikel 75 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikel 12 van Wet 42 van 1992, artikels 21 en 25 van Wet 9 van 1993, artikel 47 van Wet 26 van 1994 en artikel 53 van Wet 19 van 2003

24. Artikel 75 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (3A) deur die volgende subartikel te vervang: 15

“(3A) Die opgawes bedoel in subartikels (1) en (3) moet ooreenkomstig [**algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk**] finansiële verslagdoenstandaarde uitgereik ingevolge die Maatskappywet opgestel word en moet ten opsigte van die tydperk, op die tye en op die vorm wat voorgeskryf word aan die Registrateur verstrekkend word.”; en 20

(b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) 'n Bank moet ten opsigte van [**daardie**] dié van die onderskeie opgawes in subartikels (1) en (3) bedoel wat die naaste saamval met die einde van die finansiële jaar van die bank, aan die Registrateur 'n verslag verstrekkend van die ouditeur van die bank waarin verklaar word of daardie 25 opgawes daardie sake van die bank waarop die opgawes betrekking het redelik en ooreenkomstig [**algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk**] finansiële verslagdoenstandaarde uitgereik ingevolge die Maatskappywet weergee of nie, en die Registrateur kan, indien hy of sy dit nodig ag, van die bank vereis om aldus so 'n verslag aan die Registrateur te verstrekkend ten opsigte van enige ander van daardie opgawes wat gedurende die finansiële jaar verstrekkend word.”. 30

Wysiging van artikel 76 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikel 2 van Wet 81 van 1991, artikel 25 van Wet 9 van 1993, artikel 48 van Wet 26 van 1994 en artikel 54 van Wet 19 van 2003 35

25. Artikel 76 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) moet 'n bank wat geld in onroerende goed of in aandele van enige maatskappy belê, of geld leen of voorskiet aan enige van die bank se filiale waarvan die hoofdoel die verkryging en hou of ontwikkeling van onroerende goed is, sy transaksies in sodanige beleggings, lenings of voorskotte so reël dat die som van die bedrae—” 40

Vervanging van artikel 79 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikel 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 51 van Wet 26 van 1994

26. Artikel 79 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 45

“**Aandele, skuldbriewe, verhandelbare depositosertifikate, [en] aandeelbewyse en promesses of soortgelyke instrumente**

79. (1) 'n Bank mag nie—

(a) ondanks artikels 74 en 75 van die Maatskappywet, aandele sonder pari-waarde uitreik of enige van sy aandele in aandele sonder 50 pari-waarde omskep nie;

(b) sonder die skriftelike goedkeuring van die Registrateur [**of anders as**] en ooreenkomstig voorwaardes skriftelik deur die Registrateur [goedkeur] bepaal—

- (i) issue any preference shares, hybrid debt instruments or debt instruments;
- (ii) convert any of its shares into preference shares, hybrid debt instruments or debt instruments; or
- (iii) convert any of its preference shares of a particular class into preference shares of any other class,
that will qualify as primary capital, secondary capital or tertiary capital, as the case may be; 5
- (c) issue negotiable certificates of deposit, promissory notes, or any such similar instrument, otherwise than in accordance with such conditions as may be prescribed; or 10
- (d) section 101 of the Companies Act notwithstanding, issue share warrants to bearer within the meaning of that section.
- (2) The aggregate amount representing the value of debt instruments and negotiable certificates of deposit and similar instruments issued by a bank in terms of paragraphs (b)(i) and (c), respectively, of subsection (1), shall at no time exceed an amount representing the prescribed percentage of the aggregate amount of the bank's liabilities in respect of deposits made with it and in respect of such debt instruments, [and] negotiable certificates of deposit and similar instruments. 20
- (3) Notwithstanding anything to the contrary contained in any contract or in the memorandum of association or articles of association of any bank or controlling company, there shall be no differentiation in the voting rights attached to any of the ordinary shares of a bank or a controlling company, and such voting rights shall be exercised in accordance with the determination thereof as provided in section 195(1) of the Companies Act. 25
- (4) The provisions of subsection (1)(a), (b) and (d) shall *mutatis mutandis* apply to a controlling company.”

Amendment of section 80 of Act 94 of 1990, as amended by section 22 and 25 of Act 9 of 1993 and section 52 of Act 26 of 1994 30

27. Section 80 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) No bank and no associate of a bank shall, without the prior written approval of the Registrar, either jointly or individually acquire or hold shares in any registered long-term insurer as defined in section 1 of the [Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943)] Long-term Insurance Act, 1998 (Act No. 52 of 1998), or in any short-term insurer as defined in section 1 of the Short-term Insurance Act, 1998 (Act No. 53 of 1998), to the extent to which the nominal value of those shares exceeds 49 per cent of the nominal value of all the issued shares of such insurer.” 40

Amendment of section 84 of Act 94 of 1990, as amended by section 60 of Act 19 of 2003

28. Section 84 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

“(1A) (a) The manager shall as soon as may be practicable report to the Registrar whether or not the person subject to the relevant direction is, in the manager's opinion, solvent, and if the manager finds that the person subject to the direction is insolvent, the manager shall comment on whether such person is technically or legally insolvent. 45

(b) On appointment of a manager and whilst the person subject to the relevant direction is under management as contemplated in this section— 50

(i) the manager shall recover and take possession of all the assets of the person subject to the relevant direction; and

(ii) all actions, legal proceedings, the execution of all writs, summonses and other legal process against the person subject to the relevant direction shall be stayed and not be instituted or proceeded with without leave of a competent court and without also serving the application on the Registrar. 55

- (i) enige voorkeuraandeel, hibridiese skuldinstrumente of skuldaktes uitreik nie;
- (ii) enige van sy aandeel in voorkeuraandeel, hibridiese skuldinstrumente of skuldaktes omskep nie; of
- (iii) enige van sy voorkeuraandeel van 'n bepaalde klas in voorkeuraandeel van 'n ander klas omskep nie, wat as primêre kapitaal, sekondêre kapitaal of tersiêre kapitaal, na gelang van die geval, sal kwalifiseer; 5
- (c) verhandelbare depositosertifikate, promesses of enige soortgelyke instrument, anders as ooreenkomstig voorwaardes wat voorgeskryf word, uitreik nie; of 10
- (d) ondanks artikel 101 van die Maatskappywet, aandelebewyse aan toonder ooreenkomstig die bedoeling van daardie artikel uitreik nie.
- (2) Die totaalbedrag wat die waarde verteenwoordig van skuldaktes en verhandelbare depositosertifikate en soortgelyke instrumente wat ingevolge, onderskeidelik, paragrawe (b)(i) en (c) van subartikel (1) deur 'n bank uitgereik is, mag op geen tydstip 'n bedrag oorskry nie wat die voorgeskrewe persentasie verteenwoordig van die totaalbedrag van die bank se verpligtinge ten opsigte van deposito's by hom gedoen en ten opsigte van sodanige skuldaktes, [en] verhandelbare depositosertifikate en soortgelyke instrumente. 15 20
- (3) Ondanks andersluidende bepalings in enige ooreenkoms of in die akte van oprigting of statute van enige bank of beherende maatskappy, mag daar geen onderskeid gemaak word met betrekking tot die stemreg verbonde aan enige van die gewone aandeel van 'n bank of 'n beherende maatskappy nie, en sodanige stemreg moet uitgeoefen word ooreenkomstig die vasstelling daarvan soos bepaal in artikel 195(1) van die Maatskappywet. 25
- (4) Die bepalings van subartikel (1)(a), (b) en (d) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n beherende maatskappy." 30

Wysiging van artikel 80 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikels 22 en 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 52 van Wet 26 van 1994

27. Artikel 80 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Geen bank en geen geassosieerde van 'n bank mag sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die Registrateur, hetsy gesamentlik of afsonderlik, aandeel in 'n geregistreeerde [versekeraar] langtermynversekeraar soos omskryf in artikel 1 van die [Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943)] Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 52 van 1998), of in enige korttermynversekeraar soos omskryf in artikel 1 van die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998), verkry of hou nie vir sover die nominale waarde van dié aandeel 49 persent van die nominale waarde van al die uitgereikte aandeel van die versekeraar oorskry." 35 40

Wysiging van artikel 84 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikel 60 van Wet 19 van 2003 45

28. Artikel 84 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

"(1A) (a) Die bestuurder moet so gou doenlik aan die Registrateur verslag doen of die persoon wat aan die betrokke lasgewing onderworpe is, na die bestuurder se mening solvent is al dan nie, en indien die bestuurder bevind dat die persoon wat aan die lasgewing onderworpe is, insolvent is, moet die bestuurder kommentaar lewer oor of daardie persoon tegnies of wetlik insolvent is. 50

(b) By die aanstelling van 'n bestuurder en terwyl die persoon wat aan die betrokke lasgewing onderworpe is onder bestuur is soos in hierdie artikel beoog—

(i) moet die bestuurder al die bates van die persoon wat aan die betrokke lasgewing onderworpe is, verhaal en in besit neem; en 55

(ii) moet alle aksies, regsverrigtinge, die uitvoering van alle lasbriewe, dagvaardings en ander regsprosedure teen die persoon wat aan die betrokke lasgewing onderworpe is, uitgestel word en nie ingestel of voortgesit word nie

(c) If the report referred to in paragraph (a) concludes that the person subject to the directive is insolvent, the Registrar may, notwithstanding anything contrary contained in any law relating to liquidation or insolvency apply to a competent court for the winding-up in terms of the Companies Act or the sequestration in terms of the Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936), as the case may be, of the person subject to the directive, and the Registrar shall have the right to oppose any such application made by any other person. 5

(d) The Master shall, subject to section 370 of the Companies Act, appoint the person nominated by the Registrar as liquidator or trustee.

(e) Any written report to the Registrar by an inspector appointed under section 83 or any report by a manager appointed in terms of section 84 is confidential and shall not be disclosed to any person: Provided that the Registrar may, notwithstanding the provisions of section 33(1) of the South African Reserve Bank Act, 1989 (Act No. 90 of 1989), furnish such report to— 10

- (i) the person subject to an inspection in terms of section 83 or that is subject to a directive in terms of section 84;
- (ii) a person or institution contemplated in section 89;
- (iii) a relevant division of the South African Police Services or the National Prosecuting Authority; 20
- (iv) any other person that can prove, to the satisfaction of the Registrar, a legitimate interest in the matter and only upon payment of a prescribed fee and with the written consent of the person subject to the directive; or
- (v) any duly appointed provisional liquidator or provisional trustee of the person subject to the directive. 25

(f) If the Registrar has issued an instruction in terms of section 84(6) and a provisional liquidator or provisional trustee of the person subject to the direction is subsequently duly appointed, the Registrar shall be regarded as a creditor of the person subject to the direction and the Registrar shall have the same rights of a creditor in terms of the law relating to liquidation and insolvency.” 30

Insertion of sections 85A and 85B in Act 94 of 1990

29. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 85:

“Approval of eligible institutions

85A. (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law, no bank or controlling company shall, in the calculation of its prescribed minimum amount of required capital and reserve funds, take into account a credit assessment of any external credit assessment institution or export credit agency unless the relevant external credit assessment institution or export credit agency obtained the prior written approval of the Registrar to act as an eligible institution. 35 40

(2) Any external credit assessment institution or export credit agency that wishes to be authorised by the Registrar as an eligible institution may apply to the Registrar for authorisation.

(3) An application under subsection (2)— 45

- (a) shall be made in the prescribed manner;
- (b) shall be accompanied by such information and comply with such requirements as may be prescribed: Provided that the Registrar may impose additional requirements in writing; and
- (c) shall be accompanied by such fee as may be prescribed. 50

sonder toestemming van 'n bevoegde hof en ook sonder om die aansoek aan die Registrateur te beteken.

(c) Indien die verslag in paragraaf (a) bedoel tot die gevolgtrekking kom dat die persoon wat aan die lasgewing onderworpe is insolvent is, kan die Registrateur, ondanks andersluidende wetsbepalings aangaande likwidasie of insolvensie, by 'n bevoegde hof aansoek doen vir die likwidasie ingevolge die Maatskappywet of die sekwestrasie ingevolge die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), na gelang van die geval, van die persoon wat aan die lasgewing onderworpe is, en die Registrateur het die reg om enige sodanige aansoek wat deur 'n ander persoon gedoen is, teen te staan.

(d) Die Meester moet, behoudens artikel 370 van die Maatskappywet, die persoon wat deur die Registrateur benoem is, as likwidateur of trustee aanstel.

(e) 'n Skriftelike verslag aan die Registrateur deur 'n inspekteur wat kragtens artikel 83 aangestel is of enige verslag deur 'n bestuurder wat ingevolge artikel 84 aangestel is, is vertroulik en mag aan geen persoon bekend gemaak word nie: Met dien verstande dat die Registrateur, ondanks die bepaling van artikel 33(1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1989 (Wet No. 90 van 1989), so 'n verslag kan verskaf aan—

- (i) die persoon wat aan 'n inspeksie ingevolge artikel 83 onderworpe is of wat aan 'n lasgewing ingevolge artikel 84 onderworpe is;
- (ii) 'n persoon of instelling in artikel 89 beoog;
- (iii) 'n tersaaklike afdeling van die Suid-Afrikaanse Polisie diens of die Nasionale Vervolgingsgesag;
- (iv) enige ander persoon wat tot tevredenheid van die Registrateur 'n legitieme belang by die aangeleentheid kan bewys en slegs by betaling van voorgeskrewe gelde en met die skriftelike toestemming van die persoon wat aan die lasgewing onderworpe is; of
- (v) enige behoorlik aangestelde voorlopige likwidateur of voorlopige trustee van die persoon wat aan die lasgewing onderworpe is.

(f) Indien die Registrateur 'n instruksie ingevolge artikel 84(6) uitgereik het en 'n voorlopige likwidateur of voorlopige trustee van die persoon wat aan die lasgewing onderworpe is, later behoorlik aangestel word, moet die Registrateur beskou word as 'n krediteur van die persoon wat aan die lasgewing onderworpe is en het die Registrateur dieselfde regte as 'n krediteur ingevolge die reg aangaande likwidasie en insolvensie.”

Invoeging van artikels 85A en 85B in Wet 94 van 1990

29. Die volgende artikels word hierby na artikel 85 in die Hoofwet ingevoeg:

“Goedkeuring van kwalifiserende instellings

85A. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings mag geen bank of beherende maatskappy, by berekening van sy voorgeskrewe minimum bedrag van vereiste kapitaal en reserwefondse, 'n kredietassessering van 'n eksterne kredietassesseringsinstelling of uitvoerkredietagentskap in berekening bring nie tensy die betrokke eksterne kredietassesseringsinstelling of uitvoerkredietagentskap vooraf die skriftelike goedkeuring van die Registrateur verkry het om as 'n kwalifiserende instelling op te tree.

(2) 'n Eksterne kredietassesseringsinstelling of uitvoerkredietagentskap wat deur die Registrateur gemagtig wil word as 'n kwalifiserende instelling, kan by die Registrateur vir magtiging aansoek doen.

(3) 'n Aansoek kragtens subartikel (2)—

- (a) moet op die voorgeskrewe wyse gedoen word;
- (b) moet vergesel gaan van die inligting en moet voldoen aan die vereistes wat voorgeskryf word: Met dien verstande dat die Registrateur bykomende vereistes skriftelik kan stel; en
- (c) moet vergesel gaan van die gelde wat voorgeskryf word.

Verification of information

85B. The Registrar may require that information submitted to him or her in terms of this Act be verified by such a person, in such a manner and at such intervals as may be prescribed.

Amendment of section 89 of Act 94 of 1990, as amended by section 63 of Act 19 of 2003 5

30. Section 89 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following proviso after paragraph (b):

“: Provided that the Registrar is satisfied that the recipient of the information so provided is willing and able to keep the information confidential within the confines of the laws applicable to the recipient.” 10

Amendment of section 90 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993 and section 64 of Act 19 of 2003

31. Section 90 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (f) of the following paragraph: 15

“(f) prescribing that the financial statements of a bank shall be prepared in conformity with [generally accepted accounting practice] financial reporting standards issued in terms of the Companies Act;”.

Amendment of section 91 of Act 94 of 1990, as amended by sections 23 and 25 of Act 9 of 1993, section 56 of Act 26 of 1994, section 16 of Act 36 of 2000 and section 65 of Act 19 of 2003 20

32. Section 91 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (b) of the following paragraph:

“(b) contravenes or fails to comply with a provision of section 7(3), (4) 25 or (5), 34, 35, 37(1), 38(1), 39, 41, 42(1), 52(1) or (4), 53, 55, 58, 59, 60(5)(a)(i), 60(5)(b)(i), 61(2), 65, 66, 67, 70(2), (2A) or (2B), 70A, 72, 73, 75, 76, 77, 78(1) or (3), 79, 80, 84(1A) or 84(2), shall be guilty of an offence.”; and

(b) by the substitution for paragraph (b) of subsection (4) of the following paragraph: 30

“(b) section 17(6), 21, 22(3) or (8), 32(4)(a), 69A(14), 78(2), 82(3), 83(3)(a), 84(1A), 84(8) or subsection (1), (2) or (3) of this section (excluding the offence in terms of subsection (1)(b), referred to in paragraph (a)), shall be liable to a fine or to imprisonment for a 35 period not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment; or”.

Insertion of section 91A in Act 94 of 1990

33. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 91:

“Power of Registrar to impose penalty 40

91A. (1) If the Registrar on reasonable grounds believe that a bank or controlling company has contravened or failed to comply with this Act the Registrar may, after consideration of all material facts, impose a penalty not exceeding R10 000 000 for every day during which contravention or non-compliance with this Act continues. 45

(2) Before imposing a penalty the Registrar must in writing—

(a) inform the bank or controlling company of his or her intention to impose a penalty;

(b) specify the particulars of the alleged contravention or non-compliance; 50

(c) provide reasons for the penalty intended to be imposed;

(d) specify the amount of the penalty intended to be imposed;

Verifiëring van inligting

85B. Die Registrateur kan vereis dat inligting wat ingevolge hierdie Wet aan hom of haar voorgelê word, geverifieer word deur 'n persoon, op die wyse en met die tussenposes wat voorgeskryf word.”.

Wysiging van artikel 89 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikel 63 van Wet 19 van 2003 5

30. Artikel 89 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling na paragraaf (b) by te voeg:

“: Met dien verstande dat die Registrateur oortuig is dat die ontvanger van die inligting wat aldus verskaf is, gewillig en in staat is om die inligting vertroulik te hou binne die perke van die wette wat op die ontvanger van toepassing is.”. 10

Wysiging van artikel 90 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikel 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 64 van Wet 19 van 2003

31. Artikel 90 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (f) deur die volgende paragraaf te vervang: 15

“(f) waarby voorgeskryf word dat die finansiële state van 'n bank ooreenkomstig [algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk] finansiële verslagdoenstandaarde wat ingevolge die Maatskappywet uitgereik is, opgestel moet word;”.

Wysiging van artikel 91 van Wet 94 van 1990, soos gewysig by artikels 23 en 25 van Wet 9 van 1993, artikel 56 van Wet 26 van 1994, artikel 16 van Wet 36 van 2000 en artikel 65 van Wet 19 van 2003 20

32. Artikel 91 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang: 25
“(b) 'n bepaling van artikel 7(3), (4) of (5), 34, 35, 37(1), 38(1), 39, 41, 42(1), 52(1) of (4), 53, 55, 58, 59, 60(5)(a)(i), 60(5)(b)(i), 61(2), 65, 66, 67, 70(2), (2A) of (2B), 70A, 72, 73, 75, 76, 77, 78(1) of (3), 79, 80, 84(1A) of 84(2) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.”; en

(b) deur in subartikel (4) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang: 30
“(b) artikel 17(6), 21, 22(3) of (8), 32(4)(a), 69A(14), 78(2), 82(3), 83(3)(a), 84(1A), 84(8) of subartikel (1), (2) of (3) van hierdie artikel (uitgesonderd die misdryf ingevolge subartikel (1)(b), waarna in paragraaf (a) verwys word), is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met 'n boete sowel as daardie gevangenisstraf; of”.

Invoeging van artikel 91A in Wet 94 van 1990

33. Die volgende artikel word hierby na artikel 91 in die Hoofwet ingevoeg:

“Bevoegdheid van Registrateur om boete op te lê

91A. (1) Indien die Registrateur op redelike gronde van mening is dat 'n bank of beherende maatskappy hierdie Wet oortree het of versuim het om dit na te kom, kan die Registrateur, na oorweging van alle wesenlike feite, 'n boete van hoogstens R10 000 000 oplê vir elke dag waarop die oortreding of nie-nakoming van hierdie Wet voortduur. 40

(2) Voordat die Registrateur 'n boete oplê, moet hy of sy skriftelik— 45

(a) die bank of beherende maatskappy in kennis stel van sy of haar voorneme om 'n boete op te lê;

(b) die besonderhede van die beweerde oortreding of nie-nakoming vermeld;

(c) redes vir die beoogde boete verstrek; 50

(d) die bedrag van die beoogde boete vermeld;

(e) belanghebbende persone nooi om vertoë te rig binne 'n tydperk wat die Registrateur bepaal; en

(e) invite interested persons to make representations within a period specified by the Registrar; and

(f) inform the bank or controlling company that it may be assisted by a legal representative or other adviser.

(3) If the Registrar after consideration of representations made decides to impose a penalty, he or she must by written notice inform the bank or controlling company that it may, within 30 days after the date of the notice, pay the penalty or appeal against the imposition of the penalty to the Minister.

(4) The Minister may after consideration of an appeal confirm, amend or set aside a penalty imposed by the Registrar.

(5) A bank or controlling company may appeal to the High Court of South Africa against a decision contemplated in subsection (4).

(6) Section 88 of the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962), applies with the changes required by the context to an administrative penalty.

(7) (a) If it is in the public interest, the Registrar may through appropriate media make known the particulars referred to in paragraph (b) after payment of an administrative penalty has been received or any appeal proceedings in relation thereto have been completed.

(b) The Registrar may publish—

(i) the name and address of the bank or controlling company;

(ii) such particulars of the contravention or non-compliance the Registrar may think fit;

(iii) when the contravention or non-compliance occurred; and

(iv) the particulars of the administrative penalty imposed.

(8) The imposition of an administrative penalty shall not be regarded as a conviction in respect of a criminal offence, but no prosecution for contravention or non-compliance in respect of this Act shall thereafter be competent.”.

Short title

34. This Act is called the Banks Amendment Act, 2007, and comes into operation on 1 January 2008.

(f) die bank of beherende maatskappy in kennis stel dat hy deur 'n regsverteenvoerder of ander adviseur bygestaan kan word.

(3) Indien die Registrateur na oorweging van versoë wat gerig is, besluit om 'n boete op te lê, moet hy of sy by skriftelike kennisgewing die bank of beherende maatskappy in kennis stel dat hy binne 30 dae na die datum van die kennisgewing die boete kan betaal of na die Minister kan appelleer teen die oplegging van die boete.

(4) Die Minister kan na oorweging van 'n appèl, 'n boete wat deur die Registrateur opgelê is, bevestig, wysig of ter syde stel.

(5) 'n Bank of beherende maatskappy kan na die Hoë Hof van Suid-Afrika appelleer teen 'n besluit in subartikel (4) beoog.

(6) Artikel 88 van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), is met die veranderinge wat deur die konteks vereis word, op 'n administratiewe boete van toepassing.

(7) (a) Indien dit in openbare belang is, kan die Registrateur die besonderhede in paragraaf (b) bedoel deur gepaste media bekend maak nadat betaling van 'n administratiewe boete ontvang is of enige appèlverrigtinge in verband daarmee afgehandel is.

(b) Die Registrateur kan die volgende publiseer:

- (i) die naam en adres van die bank of beherende maatskappy;
- (ii) die besonderhede van die oortreding of nie-nakoming wat die Registrateur goedvind;
- (iii) wanneer die oortreding of nie-nakoming plaasgevind het; en
- (iv) die besonderhede van die administratiewe boete wat opgelê is.

(8) Die oplegging van 'n administratiewe boete word nie as 'n skuldigbevinding ten opsigte van 'n strafregtelike misdryf beskou nie, maar geen vervolging vir oortreding of nie-nakoming ten opsigte van hierdie Wet is daarna geoorloof nie."

Kort titel

34. Hierdie Wet heet die Bankwysigingswet, 2007, en tree op 1 Januarie 2008 in werking.